INNOVATION FOR THE BLIND

SEPTEMBER 2023

in focus fokus

# DIT GEE MY 'N REDE OM SOGGENS OP TE STAAN




Soos die einde van die jaar nader is dit altyd vir my baie spesiaal om die uitstaande oomblikke wat ons as organisasie gedurende die jaar beleef het, weer te herroep en te oordink. Ons het almal dikwels die geneigdheid om so gefokus te raak op die groot oorwinnings dat ons die belangrike klein oomblikke in die lewe miskyk. Ons lewensreis is vol uitdagings en dit is soms maklik om verstrik te raak in die nastreef van groot drome, maar dit is die klein oorwinnings, daardie klein treetjies vorentoe wat uiteindelik werklik saak maak.

Dink aan die laaste keer toe jy 'n moeilike taak in die gesig gestaar het, en teen alle verwagtinge daarin geslaag het om te oorwin. Elke dag wanneer ek om my kyk hier by Innovation, besef ek net weer die ware betekenis van deursettingsvermoë. 'n Tyd gelede het ek met een van ons inwoners gesels. Tiaan is nie blind gebore nie - hy het sy sig later in sy lewe verloor. Hy was eens op 'n tyd baie suksesvol, hy het 'n gesin gehad, 'n goeie werk as 'n meesterloodgieter en kon 'n gemaklike lewenstyl handhaaf. Op die ouderdom van slegs 34 het hy 'n massiewe beroerte gehad wat letterlik alles van sy 'vorige lewe' gesteel het. Toe hy drie maande na die beroerte uit 'n koma wakker word, het hy sy huis, sy motors en sy kosbaarste besitting, naamlik sy gesin verloor. Hy het in die hospitaal wakker geword en sy liggaam het hom ook in die steek gelaat. Hy moes van vooraf leer praat en loop, sy spraak bly beperk en die een kant van sy liggaam is steeds effens swak. Tiaan het ook sy perifere sig verloor, wat beteken dat hy niks vanaf die onderkant van sy bors kan sien nie. Hy kan daarom nooit weer na sy vorige werk terugkeer nie – iets waarvoor hy so lief was.

Terwyl ons praat, raak hy baie emosioneel en sê, "Ek het alles in my lewe as vanselfsprekend aanvaar. Jy besef nie wat jy het om voor dankbaar te wees, totdat jy dit verloor nie." Hy vertel my hoe hy in die put van depressie was en gevoel het dat daar niks meer vir hom oor is in die lewe nie.

Ek kyk na hom en verwonder my oor sy waagmoed. Ek is dankbaar dat die Here hom 'n nuwe doel gegee het. Tiaan het begin werk in ons Washuis Afdeling, 'n werk ver verwyderd van sy vorige lewe en werks-omstandighede, maar hy sê dit gee hom 'n rede om elke oggend op te staan.

Vroeër in die jaar het Tiaan die informele barista kursus o.l.v. Joseph, ons eie Blinde Barista, by ons Hulpbronsentrum voltooi. Ek is so trots op ons Worcester gemeenskap wat Innovation omarm en spesifiek vir Annalize wat vir Tiaan 'n Barista-internskap aangebied het in haar koffiewinkel, Anna, hier op ons dorp. Om te aanskou hoe Tiaan met selfvertroue en vreugde koffie vir sy kliënte voorberei, vul my met soveel trots. Dis sulke oomblikke wat my geloof versterk en opgewonde maak oor die onge-looflike vermoëns van persone met visuele gestremd-hede. Terwyl ons twee gesels, vertel ek vir Tiaan van ons droom om die Washuis Afdeling te skuif na 'n groter perseel sodat ons gemakliker ons eksterne kliënte kan akkommodeer. Sonder enige huiwering bied Tiaan aan dat hy graag sal omsien na die saamstel en ontwerp van die loodgieterswerk vir die projek! Ek is oorweldig deur die trots en opgewon- denheid wat ek in sy oë sien terwyl hy vir my sê, "Ek het nooit gedink ek sou ooit weer waardevol voel nie, maar nou weet ek daar's steeds 'n doel met my lewe. Die Here is nog nie klaar met my nie."

Ons behoort almal elke dag ons lewens ten volle te leef. Elke oomblik maak saak. Ons ervarings is die boublokke vir die ontwikkeling van veerkragtigheid. Omhels daardie klein oorwinnings, nie net in jou lewe nie, maar ook in die lewens van ander. Onthou, dit is die reis, wat ons definieer, en dit is hierdie klein oorwinnings wat ons pad verlig.

Dankie dat u deel is van ons kring van vriende wat ons oorwinnings saam met ons vier en daarin deel en ons help om 'n positiewe impak te maak op persone met visuele gestremdhede en hul te ondersteun om hul doelwitte te bereik.



Groete

*Stephné Botha*

Uitvoerende Hoof

**"ENJOY THE LITTLE THINGS IN LIFE BECAUSE ONE DAY YOU'LL LOOK BACK AND REALISE THEY WERE THE BIG THINGS." - ROBERT BRAULT**

# SPLINTERNUWE WELLNESS CENTRE GEOPEN





Op 26 Mei 2023 is Innovation for the Blind se lang verwagte Wellness Centre geopen. Die gaste het 'n heerlike "high tea" geniet voortgesit deur Feedem en het daarna 'n gratis welverdiende skouer-, voet- of handmassering ontvang deur een van ons siggestremde masseuses. Die Wellness Centre spog met twee pragtige, goed toegeruste terapie kamers en skep 'n rustige en kalm oase weg van die daaglikse gejaag.
Ontspannende masserings word gedoen deur ons masserings-studente onder leiding van Terelga Bald. Terelga is self blind en 'n baie bekwame aromaterapie- en masseerterapeut.

Die Wellness Centre is oop Woensdae middae van 13:00 – 16:00 en Vrydae oggende van 09:00 tot 13:00. Vir afsprake stuur 'n WhatsApp na **064 808 7418**.




# KOFFIE-VOETSKROP BEKENDGESTEL

Ons stel graag ons nuut ontwikkelde koffie-voetskrop bekend! Innovation se voetskrop word gemaak en verpak deur ons siggestremde inwoners en herwin ons die koffie van ons Barista Training Centre om te gebruik as hoof bestanddeel in die voetskrop.
Deur ons voetskrop te gebruik maak jy nie net 'n verskil aan jou voete nie, maar dra jy ook by tot werkskepping en is deel van die ***reuse, reduce, recycle*** beweging.

**Te koop in Ons Winkel – vir bestellings kontak shop@innovationfortheblind.org / 023 347 2745**

# DANKIE LYFTAAL



Ons drie masseerders van die Innovation Wellness Centre is met ope arms en warm harte ontvang by Lyftaal Skoonheidsalon in Paarl.
Ons masseerders kon vir 'n slag aan die ontvang kant staan van 'n heerlike bederf en ervaring. Baie dankie aan Jani en haar span wat die besoek so spesiaal gemaak het. Julle bydrae en ondersteuning in die ontwikkeling van ons masseerders is van groot waarde!




Vlnr.: Skoolhoof Pionierskool Mnr. M. Bredenkamp, Hoof Uitvoerende Beamptes, Me. S. Botha (Innovation for the Blind) en Mnr. S. Hugo (Pionierdrukkery).

# 142 JAAR VAN UITSTEKENDE DIENS

Innovation for the Blind het op 15 Junie 2023 ons 142ste bestaansjaar gevier. Wat 'n uitsonderlike voorreg om reeds vir 142 jaar uitstekende dienste aan persone met visuele gestremdhede te bied. Baie dankie aan elke individu, donateursvriend, onderneming, diensorganisasie, kerklike sektor, trust, stigting en die gemeenskap wat ons ondersteun – sonder julle sou dit nie moontlik wees nie!

# BIDDAG VIR BLINDES DANKDIENS

Ter viering van Biddag vir Blindes het Innovation for the Blind op 25 Junie 2023 'n spesiale sang en getuienis Dankdiens aangebied by die pragtige geskiedkundige NG Moedergemeente Worcester.
Met verskeie musikale items, koorsang en getuienisse van ons personeel en inwoners en 'n uitsonderlik hartsboodskap deur ons uitvoerende hoof kon ons dank en lof aan die Here bring om hierdie spesiale jare saam met die gemeenskap te herdenk. Baie dankie aan elkeen wat die geleentheid bygewoon het.




# ONS HOU PARTYTJIE

Stephné Botha, uitvoerende hoof van IftB, se 40ste verjaarsdag was in styl gevier deur die personeel en inwoners. Personeel en inwoners van Innovation was elkeen bederf met heerlike lekkernye.
Die inwoners het 'n spesiale interne konsert vir hul geliefde uitvoerende hoof aangebied om dié mylpaal in haar lewe saam met haar te herdenk. Met verskeie sang- en musikale items, voordragte en nog vele meer, was daar beslis nie 'n tekort aan talent en vermaak nie. **Ons hoop jou verjaarsdag was baie spesiaal Mev. Botha!**







let the blind read PIONEER PRINTERS | LTS Lifestyle Technology Solutions | OPTIMUM FINANCIAL SERVICES GROUP | INNOVATION FOR THE BLIND | PETALS EXPRESS Celebrating 10 Years in business ... we care about your cargo!

# GHOLFDAG T.B.V. BLINDES 2023

Baie dankie aan ons hoofborg, Optimum Financial Services Group, asook elke ander borg wat bygedra het tot die sukses van ons Gholfdag!

6th Sense Events
ACDC
African Extracts
Afrimat
AH Marais
Albany
Aloe Unique
Amazing Pies
Amy's Parties
André Opperman oogkundiges
Annique Boutique
Arabella Hotel Golf & Spa
Audensberg Toyota
BC Wines
Beluchi's
Bersiglandgoed
BGR Chartered Accountants
BMP Drukkery
Boland Beer Distributors
Boland Diereklinieк
Boschenmeer Golfklub
Breërivier Koeriers
Brummer designs
Buco
Build It
Bushwakka
Caledon Casino
Catermarket
Ceres Ziplines
Crossbow Marketing
CW Brandblussers
Daly Bread
Dam Fine Café
De Jagers
Debonairs
Dier en plant
Diesel Electric
Dominee Jurie Wessels
Eagle's Cliff
Eugené van Vuuren
Expedition North
Feedem
Funky Ouma
Golden Rewards Fruits & Veg Farm
Golden Valley Casino
Goldwagen
Goudini Brandblussers
Goudini Drankwinkel
Greenline Aluminium
GRW
Hermitage
Hyper & Mega Aluminium
Inbel sentrum
Innovation for the blind
International Liquor Store
J Naudé Prokureurs
Jewel Events
Joekels Tea
John Deer
Jojo Tanks
Just Go Eco
Kingswood Golf Estate
KWV
LTS
Môreson Grondverskuiwers
Naas vd Merwe
NG Moerderkerk gemeente
Ocean Basket
Old Fangled Leather
Optimum Finansiele Dienste
Orbit CV Cape Town
Overhex Wines
Petals Express
Pieter Campher
Pinnacle Point
Quénets
Redbull
Riaan Heyl
Roman's Pizza
RTMS
San Diego Spur
SF Verkoeling
Steers
Tanzanite Wines
TeeCees
The Barn
The Habit Guesthouse
The Hussars Grill
Tytec
UDS Africa
Uniwines
Van Wyk & Le Roux oogkundiges
Victoria Albert Baths
Viljoen Juweliers
Waboomsriver Winery
Wimpy
Wonderbag
Worcester Minerals
Worcester Nissan
Zenith







Putjie 9, waar spelers geblinddoek afslaan, en R100 00 geborg deur Petals Express op die spel was, is jaarliks 'n hoogtepunt

BMP GROEP DRUKKERY (EDMS) BPK
H/a BM PIONEERDRUKKERY • AL DE JONG DRUKKERS • BMP PRINTING
DISTILLERYWEG 4, WORCESTER • TEL: 023 342 2073

# BO-BAAS BRUNCH GEHOU

*"'n Wonderlike mens en insiggewende spreker met 'n fantastiese sin vir humor,"* só het gaste Dr. Whitey Basson beskryf na afloop van nog 'n suksesvolle Business Brunch op 19 April 2023. Dit was 'n reuse voorreg om Dr. Basson, bekende sakeman en voorheen hoof uitvoerende beampte van die Shoprite groep, as gasspreker te verwelkom.

Nuy on the Hill Restaurant het weer gasheer gespeel en het die gaste bederf met 'n heerlike ontbyt. Stephné Botha, uitvoerende hoof van IftB, en Terelga Bald, IftB Wellness Centre terapeut en opleier, het 'n oorsig oor ons organisasie en ons werksaamhede met die gaste gedeel. Baie dankie aan elke gas wat saam met ons gekuier het en ons borge wat die dag moontlik gemaak het.



Vlnr.: Stephné Botha (hoof uitvoerende beampte), Terelga Bald (Fasiliteerder: Wellness Centre) en Dr. Whitey Basson (gasspreker).



## BORGE:

Funky Ouma Make every meal a feast.
Nuy
Nuy ... on the hill
the habit GUEST HOUSE • SELF CATERING • B&B
CAPE WINELANDS DISTRICT MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMASIPALA
DR. WHITEY BASSON

# INNOVATION GEE TERUG AAN DIE GEMEENSKAP

Met al die seëninge wat ons op 'n daaglikse basis ontvang, wou ons graag terug gee aan die gemeenskap en ander organisasies deur ons Mandela Generosity Programme.
Vanjaar het ons die allermooiste gebreide truitjies, mussies en kombersies uitgedeel aan vroeggebore (prematuur) babas in die plaaslike hospitale, asook aan verskeie kleuterskole in die omgewing wat deel vorm van die Smart Kids program. Hierdie gebreide items word dwars deur die jaar deur ons inwoners en vrywilligers gebrei. Met die hulp van skenkings en donasies kon ons ook weer vanjaar sop kook en uitdeel in die gemeenskap.
**Baie dankie aan elkeen wat op 'n manier bygedra het tot ons *Mandela Generosity Programme* – saam maak ons 'n verskil!**




# BREIWILLIGERS EER KINDER-BESKERMINGSMAAND

Gedurende kinderbeskermingsmaand het ons breiwilligers ('n groep inwoners van IftB) en vrywilligers gewoeker met hulle talente! Ons was in staat om 40 pakkies gevul met gebreide items soos 'n serp, mus en teddiebeer, aan kinderbeskermings organisasies te oorhandig. Die groep inwoners het ook tydens die oorhandiging die maatskaplike werkers bemoedig met musiek en poësie. Ons harte loop oor van vreugde om terug te kan gee aan die gemeenskap. Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het aan hierdie projek en 'n reuse dankie aan al die persone wat ons kinders beskerm en veilig hou.




# SPOG KUNSWERKE IN ONS MIDDE









Verskeie van ons inwoners is kunsstudente wat deel vorm van Pionierdrukkery se kunsprojek vir visueelgestremde en doofblinde persone onder leiding van Ryno Eksteen (Doofblind SA). Ons spog graag met twee van ons inwoners se prag kunswerke!

**Nols Meiring**, inwoner van Huis Brevis – ons tehuis vir bejaardes – het 'n pragtige kunswerk geverf om Huis Brevis se siekeboeg op te helder. **Frikkie Botha**, inwoner van Ebenhaezer – ons tehuis vir meervoudiggestremdes – het die mooi van die natuur vasgevang in sy kunswerk getitel “Giel”.

Ten spyte van hul visuele beperkinge, het dié inwoners se passie vir kuns geen perke. Dit is wonderlik om te sien hoe die inwoners groei en elke oomblik van hierdie klasse geniet!

---

## BEDERFIES VIR ONS GIDSHONDE




Die Worcester Rotariërs en deelnemers van die GiGi Classic gholfdag het onlangs ons gidshonde bederf met 'n skenking van hondekos en komberse. Baie dankie – ons viervoetige vriende se sterte het omtrent “geswaai” van dankbaarheid! Die Wikkelvoete, ons gidshonde oefengroepie, kom twee maal per week bymekaar sodat die honde kan sosialiseer en speel.

## ABET STUDENTE BELEEF KRISMIS BY KUNSTEKAAP




'n Groep van ons inwoners het gedurende April 2023 besoek afgelê by die Kunstekaap vir die teaterproduksie van “Krismis van Map Jacobs”. Hierdie groep inwoners is tans besig om hulle graad 12 deur ABET (Adult Basic Education and Training) te voltooi. Baie dankie aan die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) vir die groot bederf en dat ons inwoners deel kon wees van hierdie teater ervaring.

# INNOVATION REIS WES-KAAP PLAT

Ons is baie bevoorreg om na die pandemie uiteindelik weer ons uitreik program na aftreeoorde, organisasies en kerke/gemeentes voort te kon sit! Ons het alreeds gedurende 2023 besoek afgelê by verskeie kerke en aftreeoorde. Baie dankie dat ons met julle 'n kykie in die leefwêreld van persone met visuele gestremdhede kon deel!

Besoeke aan:








As julle ons wil nooi vir 'n kuier kontak gerus vir Ciske by 023 347 2745 of e-pos reception@innovationfortheblind.org

# PAASHAAS BESOEK INNOVATION




Die Paashaas het Innovation se inwoners en personeel kom verras met smullekker paaseiers. Almal het omtrent gehop van opgewondenheid! 'n Spesiale dankie aan Doves Worcester, vir jul reuse donasie tot ons paaseier projek.
Ons is deur soveel skenkings geseën dat ons diè vreugde ook na APD Worcester kon versprei.

# OP WIP KOFFIEWINKEL



Baie dankie aan elkeen wat op Vrydag, 21 April 2023 ons Op Wip Koffiewinkel, ons jaarlikse spoggeleentheid o.l.v. Feedem, ondersteun het.




PERSONEEL "SHARE A SMILE" OP LOSLITDAG 2023.

TWO OCEANS MARATHON


Dankie aan die 20 atlete wat Innovation for the Blind verteenwoordig het in die half-marathon by vanjaar se Two Oceans Marathon, gehou 15-16 April 2023.

# KOOP AANLYN



Jy kan nou ons handgemaakte produkte deur persone met visuele gestremdhede aanlyn koop! Van ons koffie, rottangprodukte tot wol...daar is 'n groot verskeidenheid om te kies. Besoek ons aanlyn winkel by www.innovationfortheblind.org

# CROSSBOW DAGBOEKE 2024




Koop 'n Executive Trend dagboek of muur kalender via Crossbow Marketing en ondersteun ons organisasie.
(021) 700 6500
https://kindhearted.co.za/product-catergory/iftb/

**SMS "BLIND" NA 40069 OM 'N R30 DONASIE TE MAAK T.B.V. ONS SIGGESTREMDES.**